Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN Kode ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2001

Toename in wesensverdienste per aandeel: +28.5%

Toename in tussendividend per aandeel: +30.4%

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 30 September 2001 R miljoen	Ongeouditeer 30 September 2000 R miljoen	Geouditeer 31 Maart 2001 R miljoen
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	2 058	2 035	2 033
Klandisiewaarde en handelsmerke	2 760	62	3 493
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	14 336	13 633	12 523
– Ander	115	147	115
Lenings	24	12	10
Uitgestelde belasting	9	–	9
	19 302	15 889	18 183
Bedryfsbates	4 089	3 239	3 395
Kontant en kontantekwivalente	2 195	1 396	1 810
Ander bedryfsbates	1 894	1 843	1 585
Totale bates	23 391	19 128	21 578
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes			
Gewone aandeelhouersbelang	21 149	16 233	19 419
Minderheidsbelang	839	737	796
Totale aandeelhouersekwiteit	21 988	16 970	20 215
Nie-bedryfslaste	237	409	263
Langtermyn rentedraende lenings	159	311	211
Uitgestelde belasting	78	98	52
Bedryfslaste	1 166	1 749	1 100
Korttermyn rentedraende lenings	113	102	89
Ander bedryfslaste	1 053	1 647	1 011
Totale ekwiteit en laste	23 391	19 128	21 578
Netto batewaarde – per aandeel (Rand)			
Teen boekwaarde	R40.52	R31.10	R37.20
Met inagname van markwaardes/ direkteurswaardasies* van beleggings en genoteerde filiaalmaatskappye	R76.66	R56.56	R64.32
(*Verwys na nota onder beleggings in addisionele inligting)			

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2001 R miljoen	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2000 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2001 R miljoen
Saldo op 1 April	19 536	12 635	12 635
Aansuiwerings ten opsigte van vorige jare	(117)	(196)	(196)
Aangesuiwerde saldo op 1 April	19 419	12 439	12 439
Netto wins	1 631	3 718	6 590
Dividende betaal	(553)	–	(292)
Wisselkoersaanpassings	774	174	892
Ander	(122)	(98)	(210)
Belang van eie lede	21 149	16 233	19 419

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2001 R miljoen	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2000 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2001 R miljoen
Omset	4 262	3 316	7 358
Bedryfswins voor waardevermindering	359	316	741
Waardevermindering	(93)	(90)	(173)
Finansieringskoste	(27)	(55)	(67)
Wins uit bedrywighede	239	171	501
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye	1 781	1 384	2 919
Amortisasie van klandisiewaarde	(191)	(72)	(159)
Uitsonderlike items	(138)	2 252	3 422
	1 691	3 735	6 683
Belasting	(13)	–	14
Wins na belasting	1 678	3 735	6 697
Minderheidsbelang	(47)	(17)	(107)
Netto wins	1 631	3 718	6 590
Wesensverdienste rekonsiliasie:			
Basiese verdienste – Netto wins	1 631	3 718	6 590
Plus/(minus) – toeskryfbaar aan eie lede:			
– Uitsonderlike items	94	(2 303)	(3 541)
– Amortisasie van klandisiewaarde	191	72	159
– Netto oorskot, na belasting, met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(8)	(2)	(6)
– Waardedaling van bates	–	–	9
Wesensverdienste	1 908	1 485	3 211
Segmentontleding – Wesensverdienste			
Handelsmerkbelange	966	767	1 599
Mynbelange	137	429	823
Nywerheidsbelange	203	98	380
Finansiële dienste	484	109	238
Korporatiewe finansies en ander belange	118	82	171
	1 908	1 485	3 211

VERDIENSTE EN DIVIDENDE PER AANDEEL

	30 September 2001 Sent	30 September 2000 Sent	31 Maart 2001 Sent
Wesensverdienste	365.5	284.5	615.1
– Verwater	364.9	284.5	614.7
Basiese verdienste	312.5	712.3	1 262.5
– Verwater	312.0	712.3	1 261.5
Dividende	73.00	56.00	162.00
– Tussen	73.00	56.00	56.00
– Finaal			106.00

VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2001 R miljoen	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2000 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2001 R miljoen
Kontant uit bedrywighede voortgebring/(benut)	(60)	(496)	442
Dividende ontvang	1 161	626	1 155
Dividende betaal	(564)	(10)	(303)
Belasting betaal	(59)	(48)	(116)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	478	72	1 178
Beleggingsaktiwiteite	(52)	223	356
Finansieringsaktiwiteite	(138)	102	(631)
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	288	397	903
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	1 800	897	897
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	2 088	1 294	1 800
Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat	2 195	1 396	1 810
Oortrokke bankrekeninge	(107)	(102)	(10)

ADDISIONELE INLIGTING

	30 September 2001	30 September 2000	31 Maart 2001
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**486 493 650**	486 493 650	486 493 650
– B-aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totaal	**522 000 002**	522 000 002	522 000 002

– In die berekening van die wesens- en basiese verdienste per aandeel is die totale aantal uitgereikte aandele in berekening gebring.
– In die berekening van verwaterde wesens- en basiese verdienste per aandeel is die totale uitgereikte aandele aangepas vir die verwateringsuitwerking van die maatskappy se langtermyn aandele-aansporingskema.

	30 September 2001 R miljoen	30 September 2000 R miljoen	31 Maart 2001 R miljoen
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	6 283	5 520	5 123
– Markwaarde	10 575	8 150	9 943
Ander			
– Boekwaarde	50	51	50
– Markwaarde	145	128	131
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	8 053	8 113	7 400
– Direkteurswaardasies	23 118	16 762	18 442
Ander			
– Boekwaarde	65	95	65
– Direkteurswaardasies	73	97	75

Nota:
Die direkteurswaardasies van beleggings is soos vorige jare op 'n konserwatiewe basis gedoen en ten einde aan statutêre vereistes te voldoen. Dit sal derhalwe nie ooreenstem met waardasies soos op 1 Oktober 2001 vir doeleindes van belasting op kapitaalwins nie. Waardasies vir die doeleindes van belasting op kapitaalwins sal ter gelegenertyd gedoen word.

ADDISIONELE INLIGTING (VERVOLG)

	30 September 2001 R miljoen	30 September 2000 R miljoen	31 Maart 2001 R miljoen
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	95	154	176
Kapitaalverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	85	78	100
Dividende ontvang			
Dividende ingesluit by bedryfswins	7	29	33
Dividende vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	1 003	580	1 482
Rente ontvang			
Vanaf ongenoteerde beleggings en deposito's (Ingesluit by bedryfswins)	97	41	108
Uitsonderlike items			
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye is soos volg saamgestel:			
Netto kapitaalsurplus met verkoop van beleggings en besighede	(3)	155	1 518
Ander	(3)	(7)	5
	(6)	148	1 523
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye	(132)	2 104	1 899
Herstrukturerings- en sluitingskoste	(136)	(91)	(273)
Kapitaalsurplus met aflossing van omskepbare aflosbare voorkeur-aandele in British American Tobacco Plc (BAT)	–	2 202	2 202
Ander	4	(7)	(30)
Totaal voor belasting	(138)	2 252	3 422
Belasting	43	41	120
Totaal na belasting	(95)	2 293	3 542
Toeskryfbaar aan minderhede	(1)	(10)	1
Toeskryfbaar aan eie lede	(94)	2 303	3 541
Belasting			
Wins uit bedrywighede	(56)	(41)	(106)
Uitsonderlike items	43	41	120
	(13)	–	14

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word hoofsaaklik volgens die historiese kostegrondslag opgestel ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en inkorporeer rekeningkundige beleid wat, met die uitsondering van die verantwoording van beleggingseiendomme wesentlik in ooreenstemming is met dié van die vorige finansiële tydperke.

2. HERSAMESTELLING VAN VERGELYKENDE SYFERS

Rainbow Chicken Beperk (Rainbow) het sy rekeningkundige beleid ten opsigte van beleggingseiendomme verander ten einde te voldoen aan Rekeningkundige Standpunt RE 135. Grond en geboue word vanaf 1 April 2001 volgens die historiese koste metode verantwoord, terwyl dit voorheen herwaardeer was.

Remgro se vergelykende syfers is dienooreenkomstig soos hieronder hersaamgestel:

	Ses maande geëindig 30 September 2001 R miljoen	Jaar geëindig 31 Maart 2001 R miljoen
Balansstaat		
Afname in eiendom, aanleg en toerusting	211	209
Afname in gewone aandeelhouersbelang	118	117
Afname in minderheidsbelang	93	92
Inkomstestaat		
Die uitwerking op wesensverdienste was nie wesentlik nie, derhalwe is die vergelykende inkomstestate nie hersaamgestel nie.		

3. RESULTATE

– Wesensverdienste per aandeel

Wesensverdienste per aandeel het met 28.5%, van 284.5 sent tot 365.5 sent gestyg.

Die bydrae van die tabakbelange, wat vir die tydperk onder oorsig 49.7% (2000: 50.7%) van totale wesensverdienste verteenwoordig het, het met 25.5% toegeneem, waarvan 14.2% deur die swakker rand bygedra is.

Mynbelange se totale bydrae het afgeneem hoofsaaklik as gevolg van die ruil van die belange in Billiton Plc en Gold Fields Beperk vir belange in FirstRand Beperk (FirstRand) en RMB Holdings Beperk (RMBH) vroeër vanjaar. Die bydrae van Gencor Beperk en Trans Hex Groep Beperk (Trans Hex) het onderskeidelik met 67.8% toegeneem en 41.5% afgeneem.

Die bydrae van nywerheidsbelange het met 106.9% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die goeie vertoning van Rainbow en beter resultate van, onder andere, Malbak Beperk (Malbak) en Total South Africa (Eiendoms) Beperk.

FirstRand en RMBH se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R354.4 miljoen bedra. ABSA Groep Beperk en Medi-Clinic Korporasie Beperk het ook hul stewige verdienstegroei voortgesit, met stygings van ongeveer 20%.

– Basiese verdienste per aandeel

Basiese verdienste, ná uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het van 712.3 sent tot 312.5 sent per aandeel gedaal. Hierdie daling was hoofsaaklik as gevolg van die insluiting van 'n bedrag van R2 202 miljoen in die ooreenstemmende halfjaar wat Remgro se deel verteenwoordig van die eenmalige kapitaalsurplus wat ontstaan het met die aflossing van een-helfte van die BAT-voorkeuraandele deur R&R Holdings.

4. OMSET

	30 September 2001 R miljoen	30 September 2000 R miljoen	31 Maart 2001 R miljoen
Omset, uitgesluit dividende en rente	3 147	2 645	5 735
Dividende en rente	1 115	671	1 623
Totale omset	4 262	3 316	7 358

Weens die aard en samestelling van die groep is segmentinligting ten opsigte van omset nie sinvol nie.

5. TABAK

Remgro se tabakbelange word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings, Luxembourg, (R&R). Die ander twee-derdes word deur Compagnie Financière Richemont AG (Richemont) gehou.

In Junie 2000 het R&R sy verkoopopsie ten opsigte van die helfte van sy aandeelhouding in die voorkeuraandele van BAT uitgeoefen en sodoende is sy effektiewe belang in daardie maatskappy van 35.0% tot 31.58% verminder. Ingevolge die herstrukturering van Rembrandt Groep Beperk gedurende 2000, is die nie-tabakbates van R&R, waaronder die opbrengs van die genoemde aflossing, egter oorgedra na R&V Holdings Limited, Jersey (R&V), waarvan VenFin Beperk (VenFin) een-derde en Richemont twee-derdes hou. In R&R se resultate vir die ooreenstemmende ses maande is die inkomste toeskryfbaar aan die BAT-voorkeuraandele wat afgelos is en ander nie-tabakbates, aan R&V toegedeel. In die tydperk onder oorsig het R&R sy effektiewe belang van 31.53% in BAT vir die volle sesmaande-tydperk geëkwiteer.

Soos verlede jaar, is R&R se belang in BAT se verdienste vir die ses maande tot 30 September 2001 gebaseer op die resultate vir die negemaande-tydperk tot 30 September 2001 en aangepas om die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2001 uit te skakel, met inagneming van die verskille wat in die rekeningkundige beleid van die twee maatskappye voorkom. Na uitskakeling van uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, is R&R se bydrae tot Remgro se wesensverdienste soos volg:

	Ses maande tot September 2001 £ miljoen	Ses maande tot September 2000 £ miljoen
R&R se wesensverdienste vir die ses maande geëindig 30 September	243	230
Min: Gedeelte toegedeel aan R&V Holdings gedurende die vergelykende tydperk		(11)
	243	219
Remgro se 33.33%-belang daarin	81	73
	R miljoen	R miljoen
Omgereken teen 'n gemiddelde £/R koers van 11.7415 (2000: 10.4140)	949	756

BAT het goed vertoon in die nege maande tot einde September, die mees onlangse tydperk waaroor verslag gedoen is. Sy aangepaste verdienste per aandeel het, op 'n ten volle verwaterde grondslag nadat uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde uitgeskakel is, met 8% toegeneem. Verkoopsvolumes, wat op 602 miljard sigarette te staan gekom het, was effens hoër as in die vergelykende tydperk. Internasionale handelsmerke het met 2% gegroei. BAT se kern-wêreldhandelsmerke het 'n algehele volumegroei van 9% in die nege maande tot 30 September 2001 getoon.

Al BAT se bedryfstreke het tot die algemene goeie vertoning bygedra. Inkomste was bo begroting in die Amerika-Pasifiese markte en, hoewel die markaandeel in die plaaslike Amerikaanse mark laer was as in die ooreenstemmende nege maande, is daar tans bemoedigende tekens waarneembaar in die mark.

In die Asië-Pasifiese streek het inkomste toegeneem ondanks verswakkende ekonomiese toestande in Suidoos-Asië. In Latyns-Amerika het inkomste baatgevind by goeie vertonings in verskeie markte, waar markaandeel oor die algemeen hoër was. In die Afrika-, Midde-Ooste- en Sentraal-Asië-streek het uitstekende inkomstegroei met effens hoër volumes gepaard gegaan.

Die inkomste in Europa is ook deur volumegroei gedryf namate die streek steeds voordeel trek uit die samesmelting met Rothmans International. Volumegroei weerspieël ook die uitstekende groei in Oos-Europa, hoewel dit teengewerk is deur markinkrimpings in Nederland, België en die Verenigde Koninkryk.

Die voorsitter van BAT, Martin Broughton, het in sy verslag tot 30 September 2001 soos volg kommentaar gelewer: "Die terroriste-aanval op Amerika het min direkte invloed op ons besighede gehad, maar dit het 'n verdere dimensie gevoeg tot ekonomiese onsekerhede wat reeds sigbaar was. As daar na die toekoms gekyk word, is die direksie vol vertroue dat British American Tobacco daarin sal slaag om in swak sowel as goeie tye vooruitgang te maak."

6. BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge sedert die vorige datum van verslag was soos volg:

Lenco Holdings Beperk (Lenco)

Lenco se aandeelhouers het op 28 Mei 2001 die ontbondeling van sy aandeelhouding in Malbak goedgekeur. In terme van die ontbondeling het Lenco 99.3% van sy aandele in Malbak by wyse van 'n verdeling in spesie aan sy aandeelhouers uitgekeer.

Onmiddellik daarna het Lenco (Eiendoms) Beperk, waarin Remgro 'n 75%-belang hou, 'n aanbod van 15 sent per aandeel aan alle Lenco-aandeelhouers gemaak. Die notering van Lenco is op 15 Junie 2001 beëindig.

Malbak

Remgro se direkte belang in Malbak het as gevolg van voorgenoemde Lenco-transaksies met 2.3% verhoog tot 51.2%. As gevolg van die onderhandelinge tussen Malbak en Nampak Beperk (Nampak), waarna hieronder verwys word, en die moontlike verwatering van Remgro se effektiewe belang, is Malbak nie gekonsolideer nie, maar soos voorheen geëkwiteer vir die tydperk onder oorsig.

Op 2 November 2001 het Malbak en Nampak 'n gesamentlike omsigtigheidsaankondiging uitgereik waarin aangekondig is dat onderhandelinge tussen dié twee maatskappye plaasvind rakende 'n moontlike samesmelting.

Trans Hex

Op 13 November 2001 het Trans Hex se aandeelhouers die uitreiking van 16 miljoen onversekerde 13.5% deelnemende verpligte omskepbare skuldbriewe aan Mvelaphanda Diamonds (Eiendoms) Beperk (Mvelaphanda) goedgekeur. Na omskepping van dié skuldbriewe sal Mvelaphanda 'n belang van ongeveer 19.4% in Trans Hex hou, terwyl Remgro se belang sal verwater van 42.2% tot 35.4%.

Mvelaphanda het ook 'n opsie om 5 miljoen Trans Hex-aandele van Remgro te bekom, wat Remgro se belang sal verwater na 30.4%.

Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk (Robertsons)

Op 12 September 2001 is aangekondig dat Robertsons en Unilever Plc (Unilever) 'n beginselooreenkoms gesluit het ingevolge waarvan beide beoog om hulle belange in die bestaande gesamentlike onderneming tussen Robertsons en Bestfoods Europa te herstruktureer. Dié voorstel is 'n regstreekse gevolg van Unilever se verkryging van Bestfoods se wêreldwye belange. Die beoogde transaksie is onderhewig aan die sluit van 'n finale ooreenkoms en die nakoming van sekere opskortende voorwaardes, waarvan die belangrikste die volgende is:

- goedkeuring van die beoogde transaksie op 'n algemene vergadering deur aandeelhouers van Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk, en
- goedkeuring deur die vereiste regulerende owerhede, insluitende die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die mededingingsowerhede.

DIREKSIE

Mnr P K Harris is op 28 November 2001 as 'n nie-uitvoerende direkteur aangestel.

SEKRETARIS

Mev M Lubbe is op 28 November 2001 aangestel as maatskappysekretaris in die plek van Mnr JC Engelbrecht wat afgetree het.

STRATE

Soos volledig uiteengesit in die omsendskrywe aan aandeelhouers gedateer 14 September 2001, is die genoteerde gewone aandele van die maatskappy op Maandag, 12 November 2001, amptelik oorgeskakel na die STRATE-stelsel.

DIVIDENDE

Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 73 sent per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die B-aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2001 geëindig het.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling en laaste dag om gesertifiseerde aandele oor te dra ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 11 Januarie 2002
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die dividend wees	Maandag, 14 Januarie 2002
Rekorddatum	Vrydag, 18 Januarie 2002
Betaaldatum	Maandag, 21 Januarie 2002

Aandeelhouers wat op die betaaldatum steeds gesertifiseerde aandele hou, se dividende sal volgens bestaande opdragte elektronies oorbetaal word in hul bankrekeninge of anders sal tjeks na hulle geregistreerde adresse gepos word.

Dividende ten opsigte van gedematerialiseerde aandele word deur middel van die STRATE-stelsel betaal.

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 7 Januarie 2002 tot Vrydag, 18 Januarie 2002, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende Beampte/ Ondervoorsitter

Stellenbosch
28 November 2001

DIREKSIE EN ADMINISTRASIE

Direkteure: Johann Rupert* *(Voorsitter)*, M H Visser *(Ondervoorsitter/Hoofuitvoerende Beampte)*, P E Beyers*, W E Bührmann, G D de Jager*, J W Dreyer*, P J Erasmus*, D M Falck, E de la H Hertzog*, E Molobi*, J F Mouton*, J A Preller (Mev), F Robertson*, P G Steyn*, T van Wyk, P K Harris* *(*Nie-uitvoerend)*

Sekretaris: M Lubbe (Mev)

Notering: JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika ***Sektor:*** Gediversifiseerde Nywerhede

American depositary receipt (ADR) program:
Cusip nommer 75956M107
ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris:
The Bank of New York, 620 Avenue of the Americas, New York NY 10011

Sake-adres en geregistreerde kantoor:
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat, Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretarisse:
Computershare Services Beperk, Foxstraat 41, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure: PricewaterhouseCoopers Ing.

Borg: Rand Aksepbank Korporatiewe Finansiering

Webwerf: **www.remgro.com**

GRAPHICOR 25253